Pretoria- 3 November 2013

Skriflesing: Hebreërs 1:1-4
Nederlandse Geloofsbelydenis: Art 7
Sing- Ps. 18:14; Ps. 119:36; Ps. 33:2

Heb 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun
Heb 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,
Heb 1:4 terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

Artikel 7: Die volkomenheid van die Heilige Skrif
Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - *ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel,* soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is *om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat* (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: *'...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is'* (1 Joh. 4: 1), en: *'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...'* (2 Joh. :10).

Skriflesing: Hebreërs 1:1-4
Nederlandse Geloofsbelydenis: Art 7
Sing- Ps. 18:14; Ps. 119:36; Ps. 33:2

God het gepraat. Broeder en suster, dit bly so wonderlik om dit te mag weet. God praat met mense, Hy sê dinge wat ons kan verstaan. Hierdie goddelike kommunikasie kan eenvoudig as 'n wonderwerk beskryf word. Nou is dit so dat mense wil altyd dit wat wonderlik is en eintlik as wonderwerk beskou moet word afmaak as dit kan nie wees nie, dit is nie so wonderlik nie. Dit is maar denkbeelde, teorieë, verdigsels, verbeelding, allerhande afleidinge en soorte teologieë wat opgemaak is, maar God wat spreek kan nie waar wees nie. Die God wat die wêreld baie keer wil maak asof Hy nie bestaan nie, word op geen manier toegegee dat Hy wel dan ook kan praat nie. Soveel stel God nie in sy skepping belang nie.

Die begin van Hebreërs het hierdie wonderlike begin. God wat op baie plekke, met baie mense, op verskillende maniere gepraat het. God het met bepaalde mense gepraat. Dit sê die Hebreër-skrywer aan ons, nog belangriker dit sê die Heilige Gees aan ons. Vroeër het ons al 'n keer gewys dat die woord praat kom in die 13 hoofstukke van Hebreërs 63 keer voor. Uitgebreid kan God se kommunikasie gekoppel word aan dat Hy met 'n stem praat, die mens kan Hom hoor. Deurlopend is God se prate, God se spraak ter sprake. Dit is nie maar

dowwe klanke, snaakse geluide wat mense hoor nie, maar God het duidelik gepraat. Hy gee sy woorde aan Moses, Moses kon God duidelik hoor, ook die profete het God duidelik gehoor.

***

Ons moet heeltyd hieraan vashou dat hierdie 'n wonderwerk is. 'n Wonderwerk op verskillende vlakke. Die allerhoogste God praat met die mens wat in sonde geval het, die afvallige mens, watter wonderwerk dat God die sondaarmens na Hom wil terugbring. Al het mense weggeskram om nie met God te praat nie, dan het God aangehou om met hulle te praat. Mense het boomstompe aanbid, vir hulle beelde opgerig, allerhande diere, of die sterre aanbid, so draai die mens sy rug op God. Ons kan die wonder van God se genade net meer en meer beklemtoon want as God opgehou het om met die mens te praat dan sou dit net nog regverdig gewees het. Die mens verdien nie dat God met ons moet praat nie. Nou nog is daar baie mense wat nie aanvaar dat die Woord van God in werklikheid die stem van God is wat met ons praat nie.

Die volgende vlak van die wonder van God wat praat, lê nie net by die feit dat Hy met afvallige mense praat nie, maar dat hierdie mens Hom kan hoor. Hier het ons die pragtige belofte in Jes. 55:10-11 ... ***10*** *Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter;* ***11*** *so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.*

Al is die mens se natuurlike neiging om nie te wil luister nie sal God wel vir sy kinders ore boor. God sal die hart sagmaak, dit is steeds deel van die wonder dat waar die mens dan wel luister het God reeds die wonder van geloof in die hart bewerk. Die geloof wat deur die gehoor kom en die gehoor is die Woord van God (Rom 10:17). As God praat dan word die geloof deur wat God doen gewerk dat die mens hierdie woord in werklikheid sien as die Woord wat lewe. In die vorige artikels het ons reeds die lewende Woord, as geskrewe Woord, as geïnspireerde Woord, as gesagvolle Woord bely. Daar is niks wat met die Woord van God vergelyk kan word nie.

***

Die Woord wat in oorvloed praat is God se Woord wat volkome is. Daarmee begin art 7 Nederlandse Geloofsbelydenis - **Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God**

volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word... Die werklike hoogtepunt, waar dit alles op neerkom is wat ons in Hebreërs 1 ook lees dat Jesus Christus is die finale stem van God. Al het God vroeër baie kere en op baie maniere, deur verskillende mense gepraat, was dit nog nie voltooi nie, maar die voltooiing van God se Woord het in Jesus Christus plaasgevind. Die Woord praat oor die Woord, die Skif praat oor die Skrif, want die Heilige Gees laat alles in God se Seun saamtrek. Die Seun van God is die Een wat die Woord nou laat spreek. Daarom het ons nie net maar blote getuienis oor God en wat die kerk graag van God wil sê nie, nee God deur sy Seun wat as Drie-enige God Homself openbaar praat Self deur sy Seun. Die Woord is God se Self-getuienis, God se openbaring oor Homself, wie Hy is, wat sy werke is, wat sy wil is.

***

Dit moet ons glo al wil so baie mense ons anders leer. Wanneer ons art 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely, broeder en suster, dan raak dit baie ernstige sake. Dit lê in die hart van ons belydenis dat wat ons van die Bybel glo en wat ons oor die Bybel glo en wat ons uit die Bybel glo 'n eenheid moet vorm. God die Drie-enige God is die een God in Christus en Hy sê net wat God sê. Niemand moet ons iets anders wil leer of iets wil byvoeg wat nie van Christus afkom nie.

Ons belydenis stel dit baie sterk op grond van wat God in Galasiërs deur sy dienaar Paulus vir ons duidelik maak. **Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie -** ***ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel,*** **soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8).**

***

Die Woord van God is volkome, is gesagvol en is onwankelbaar. Dit is waarby art 7 Nederlandse Geloofsbelydenis staan. Die goddelike gesag, die volkome wil van God, die duidelikheid hiervan moet vir ons uitstaan en vasstaan. Ons kan niks hierby voeg nie, ons mag ook niks hiervan weglaat nie. Vir die mens om die betroubaarheid van die Woord met allerhande van buite inligting te wil bewys is futiel en boonop baie gevaarlik. Geen kerklike tradisie of die *Da Vinci- kode* of wysgerige (filosofiese) redenasies, of wat ook al moet as sg. bewyse wil dien nie. Die onwankelbaarheid bely ons in art 7 dat **... ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God**

gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10).

***

Dit beteken nie dat ons nie met die voorgeslagte se geskrifte en boeke en verklaringe van die Bybel nie mag besig wees nie. Natuurlik moet hulle baie duidelik na gekyk word, trouens later dan sê die Hebreër skrywer hfst. 13:7- *7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na*. Ons hou wel deeglik rekening met die verklaringe wat daar al was, maar dit bly toetsbaar en feilbaar, dit is mensewerk. Dit kan op geen manier met die Woord van God gelykgestel word of met dit in teenspraak wees nie, dan is God se Woord reg en die geskrifte verkeerd.

Tradisie en tradisionalisme moet duidelik onderskei word. 'n Tradisie moet as iets waardevol en mooi nagegaan en uitgeleef word, tradisie is in werklikheid die lewende geloof van die dooies het 'n Lutherse teoloog homself 'n keer verantwoord, maar tradisionalisme is iets heeltemal andersom en verkeerd. Tradisionalisme is in baie gevalle die dooie geloof van die lewendes. Tradisie reken met die feit dat ons dieselfde Bybel tot nou toe gelees het, vir geslagte, oor baie eeue, ons het 'n lewende geloof van mense wat reeds dood is wat vir ons baie kosbaar moet wees.

Guido de Bres wat al 452 jaar gelede hierdie belydenisskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel het maar tog glo ons, aanvaar ons, bely ons dieselfde soos wat hy dit hier gedoen het in die opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Ons is met hom één in wat hy geglo het, ja die kerk oor die wêreld lengtes heen identifiseer met mekaar in wat ons gesamentlik bely, dit maak dat ons ekumeniese bande met mekaar onderhou, ja bande wat verby die grafte strek, want al is Guido de Bres al baie lank gelde oorlede is ons met hom een in wat hy bely maar sy woord bly ondergeskik en toetsbaar aan die Woord van God.

Daarom staan die Nederlandse Geloofsbelydenis vas by die volkomenheid en die gesagvolheid en die werklike waarde van God se Woord wat in Christus bó alles is, want soos party mense by die Woord wil byvoeg het ons ook die Jode wat by die Woord wil wegneem. Hulle neem die grootste weg, hulle neem Christus weg. Hulle sien nie die Nuwe Testament as die werklike vervulling en voltooiing van God se Woord aan ons nie, want glo hulle net die wet en die profete van die Ou Testament. Daardie finale en laaste wat Hebreërs

1 in God se Seun plaas, is die groot toetssteen, wat vir ons moet uitstaan. Wie Christus nie preek nie, het niks van God se Woord gepreek nie, so iemand kan maar net sowel 'n gedeelte van die Moslems uit die Koran gelees het en iets daaroor gesê het. Die Woord sonder Christus kan nie bestaan nie. Hy is die Woord van God. Dit is beter dat so 'n mens eerder niks sê nie, as wat hy maak hy preek, maar hy preek nie Christus nie, dan is dit maar net 'n praatjie sonder gesag. Dit is God wat oor sy Seun dit spreek, so lees ons dit God Self ook sê- *Dit is my geliefde Seun, luister na Hom...*

Wanneer ons belydenis ons oproep om die geeste op die proef te stel dan moet ons alles wat los van Christus staan as valse leer, as iets wat ons nie mag glo nie, beskou. Die ware leer kan net in Christus gebring word.

***

Hebreërs 1 het sulke duidelike en aangrypende uitbreidinge wat net op Christus betrekking het. *Hy wat as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy* (God die Vader) *ook die wêreld gemaak het....Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte...*

God het deur Christus die wêreld gemaak, wat dit duidelik maak Hy is skeppingsmiddelaar net soveel as wat Hy verlossingsmidddelaar is. Christus is nie maar net 'n praktiese reëling wat God getref het om ons te verlos nie. Christus is nie maar net 'n bruikbare instrument in God se hande gewees nie. Nee, Hy is volmaak, volkome God, **God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, Hy is gegenereer,** (ons belydenis sê Hy is gebore)**, Hy is nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het...** Dit bely ons met die vaders van Nicea, 'n lewende geloof van mense wat al dood is, maar ons belydenis lewe, ook rondom art 7 Nederlandse Geloofsbelydenis.

Wanneer ons die Woord van God bely as die lewende Woord dan gaan dit om die lewe wat in Christus is waar God deur Christus met ons op pad is en met ons praat. Deur Christus hou God op hierdie oomblik alles in stand. Hy wat die erfgenaam is van alle dinge, aan Hom behoort alle dinge. Ons is die seun van God se erfporsie wat ons in Christus weer terug ontvang, dié erfporsie wat ons deur die eerste Adam verloor het. Daarom wanneer u God se Woord in die hande neem dan praat God gesagvol met jou en my. Christus wil nie net deur Sy Woord bevestig dat aan Hom alle mag behoort nie, dieselfde gedeelte in Hebreërs

openbaar Christus se priesterlike werk. Trouens dit is van die hooftemas in Hebreërs, nl. die werk van Christus as Priester. Wanneer Christus se priesterlike werk in sy volle omvang spreek dan vorm dit inderdaad die voltooiing van God se openbaring aan ons. Elke keer wat God met die ou vaders gepraat het, het dit in Christus plaasgevind. Ons moet dit nooit so verstaan asof God in die begin maar deur ander mense gepraat het, maar omdat dit nie heeltemal reg uitgewerk het nie, het God nou maar later eers begin om deur sy Seun te praat. Nee, dit was nog altyd die Gees wat in Christus ook deur die vaders gespreek het en alles wat in die Ou Testament is in Christus gesê en het Christus nooit buite die Ou Testament te staan gekom nie. Die aangrypende gebeure van Jesus se verheerliking op die berg bevestig Moses en Elia se teenwoordigheid langs die van Jesus- Luk. 9:31: ***31*** *Hulle het in heerlikheid verskyn en van sy uitgang gespreek wat Hy in Jerusalem sou volbring.*

Waar Christus nou aan God se regterhand is, dan dui dit op Christus se onwankelbare troon. Daardie woordjie dat *Hy sit aan God se regterhand,* die woord sit is die uitdrukking van God se ewige koninkryk wat onwankelbaar is. Aan die regterhand beteken Hy is God se gevolmagtigde, Hy regeer namens die Vader, waar Hy as Profeet, Koning en Priester dit duidelik maak aan dit wat Hy doen, ook deur sy onwankelbare Woord daaraan sal daar geen einde wees nie. Niemand kan met Hom vergelyk word nie, nie eers die heerlikste dinge wat die engele doen en wie hulle is nie. Daarom het Christus dit baie duidelik gesê en dit verseël art 7 net van alle kante- *Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.*

AMEN


Artikel 7 Die volkomenheid van die Heilige Skrif
Ons glo
Wat?
Die Heilige Skrif bevat die wil van God volkome
Dit is verbode om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32)
Hieruit blyk dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is
Alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, word voldoende in die Heilige Skrif geleer
Die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, word in die Skrif breedvoerig beskrywe.
Hieruit vloei voort:
Daarom mag niemand ons anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie.
Nie die apostels nie,
... ja al was dit ook 'n engel uit die hemel (Gal 1:8)
Daarom mag ons geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, aan die Goddelike Geskrifte gelykstel nie:
Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10)
Daarom mag ons die volgende aan die waarheid van God wat bo alles is , nie gelykstel nie:
Die gewoonte, of groot getalle, of oudheid, of opvolging van tye of van persone, of kerkvergaderings, verordeninge of besluite
Daarom verwerp ons met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie.
Die apostels leer ons:
stel die geeste op die proef of hulle uit God is (1 Joh. 4:1)
As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie (2 Joh. :10)